**Sondag 5 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 19:1 – 20:2**
**Fokusgedeelte: Eksodus 19:16, 17**
**Die heilige God is steeds ’n genadige God**

As God aan die nietige mens verskyn, dan weergalm die donderslae en rook die berge en skud die aarde. Dan begin die mense bewe van vrees en dan moet daar baie duidelike grense vir die mens getrek word sodat hy kan bly lewe. Daarom roep God ’n middelaar (Moses) om as tussenganger tussen Hom en die volk op te tree. En Hy stuur vir Moses met presiese voorskrifte oor hoe die volk hulle moet voorberei (19:10), sodat hulle gereed is om die Here te ontmoet. Moses moet ’n grens rondom die berg vasstel waarby niemand verby mag gaan nie. Hulle mag nie eers aan die berg raak nie, want dan sal hulle doodgemaak word.

En wanneer God dan op die derde dag aan hulle verskyn, gaan dit gepaard met donderslae, weerligte en ’n donker wolk op die berg. Dit is net deur God se genadige ingrype dat dit enigsins moontlik is vir die mens om in sy teenwoordigheid te bly lewe.

Ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges weet natuurlik ook van ’n ander keer toe die Here sy voete op die aarde kom sit het. Dit was toe Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur het. En op daardie Vrydag – met sy sterwe – het die aarde weer geskud en het die rotse uitmekaar gebars en het die voorhangsel van die tempel middeldeur geskeur. Op daardie dag het Hy dié verlossing geskenk. Jesus Christus moes sterf in die plek van sondaarmense sodat sondaarmense in die teenwoordigheid van God kon bly lewe.

Slegs deur sy middelaarskap, slegs deur sy voorbidding aan die regterhand van die Vader, is dit vir ons moontlik om in die teenwoordigheid van die Here te lewe. Dit is genade!

*Sing: Skrifberyming 10 (5-4):1, 2*

*Ds. WJ Botha (Kobus) (Bloemfontein-Noord)*